Cape Agulhas, South Africa

Verordening op Eiendomsbelasting van Kaap Agulhas Munisipaliteit

Legislation as at 10 July 2009

FRBR URI: /akn/za-wc033/act/by-law/2009/property-rates/afr@2009-07-10

There may have been updates since this file was created.

PDF created on 11 August 2023 at 16:54.

Collection last checked for updates: 28 July 2023.

Check for updates

About this collection

The legislation in this collection has been reproduced as it was originally printed in the Government Gazette, with improved formatting and with minor typographical errors corrected. All amendments have been applied directly to the text and annotated. A scan of the original gazette of each piece of legislation (including amendments) is available for reference.

This is a free download from the Laws.Africa Legislation Commons, a collection of African legislation that is digitised by Laws.Africa and made available for free.

www.laws.africa
info@laws.africa

There is no copyright on the legislative content of this document.
This PDF copy is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 License (CC BY 4.0). Share widely and freely.

Verordening op Eiendomsbelasting van Kaap Agulhas Munisipaliteit
Contents

1. Woordomskrywing 1

2. Aanvaarding en implementering van eiendomsbelastingbeleid 1

3. Inhoud van eiendomsbelastingbeleid 1

4. Verklarings en voorstellings 1

5. Strafbepalings 2

6. Kort titel 2

Cape Agulhas
South Africa

Verordening op Eiendomsbelasting van Kaap Agulhas Munisipaliteit, 2009

Published in Western Cape Provincial Gazette 6641 on 10 Julie 2009

Inwerking getree op 10 Julie 2009

[Hierdie weergawe van die relevante dokument vind toepassing vanaf 10 Julie 2009 en is insluitend van enige verdere wysigings gepubliseer tot en met 28 Julie 2023.]

NADEMAAL

(1) Artikel 229(1) van die Grondwet 'n munisipaliteit magtig om belasting op eiendom te hef;

(2) Artikel 3 van die Wet op Eiendomsbelasting bepaal dat 'n raad van die munisipaliteit in ooreenstemming met die Wet op Eiendomsbelasting 'n beleid moet aanvaar ten opsigte van die heffing van belasting op belasbare eiendom in die munisipaliteit;

(3) Artikel 6(1) van die Wet op Eiendomsbelasting bepaal dat 'n munisipaliteit verordeninge moet aanvaar om uitvoering te gee aan die implementering van sy eiendomsbelastingbeleid.

DERHALWE WORD deur die Kaap Agulhas Munisipaliteit as volg uitgevaardig:

1. Woordomskrywing

In hierdie Verordening beteken

"**eiendomsbelasting**" of "belasting" 'n munisipale belasting op eiendom soos beoog in die Wet op Eiendomsbelasting en hierdie verordening.

"**Grondwet**" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"**Munisipaliteit**" die Kaap Agulhas Munisipaliteit;

"**Wet op Eiendomsbelasting**" die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 6 van 2004.

2. Aanvaarding en implementering van eiendomsbelastingbeleid

(1) Die Munisipaliteit sal 'n eiendomsbelastingbeleid op die heffing van belasting op belasbare eiendom in die munisipaliteit aanvaar.

(2) Die Munisipaliteit kan sodanige eiendomsbelastingbeleid implementeer om uitvoering daaraan te gee.

3. Inhoud van eiendomsbelastingbeleid

Die Munisipaliteit se eiendomsbelastingbeleid sal ooreenkomstig Artikel 3 van die Wet op Eiendomsbelasting opgestel word.

4. Verklarings en voorstellings

Geen persoon sal—

4.1 enige vals aansoek, verklaring of voorstelling maak wat die belasting betaalbaar op enige eiendom sal raak nie, hetsy namens hom/haarself of namens iemand anders;

4.2 versuim om enige wysigings op ’n aansoek, verklaring of aankondiging waarna in subartikel 4.1 verwys word, binne 7 dae na sodanige gebeurtenis aan die Munisipaliteit te rapporteer nie.

5. Strafbepalings

Enige persoon wat die bepalings van artikel 4 oortree sal skuldig wees aan ’n oortreding en by skuldigbevinding blootgestel wees aan betaling van ’n boete van hoogstens eenduisend rand, of tronkstraf vir ’n tydperk van hoogstens 3 maande, of beide sodanige boete en tronkstraf.

6. Kort titel

Hierdie Verordening heet die Verordening op Eiendomsbelasting van Kaap Agulhas Munisipaliteit.

By Laws.Africa and contributors. Licensed under CC-BY. Share widely and freely.